Christus se voortgaande werk - na sy Hemelvaart

Hoofpunte…

- Fokus op Jesus se voortgaande werk …
- Haak aan by nuwe waardering vir Trinitariese teologie
- Jesus se werk: onderskei tussen Konings-, Priester- en Profeetwerk
- Ons word ingetrek in God se werk: as profete, priesters en konings

Het ons te gou ophou kyk…?

- Jesus se voortgaande werk:
  - Barth: wat Jesus *nou* doen…
  - Calvyn oor Jesus as Profeet, Priester en Koning
  - Bybel…
- Die lewende, drie-enige God se voortgaande betrokkenheid by ons
  - Te min klem op Drie?
  - betrokke op drie maniere as Vader, Seun en HG
- Christus betrokke as Koning, Priester en Profeet

Vroeë kerk:
Hemelvaart gaan oor koningskap

- Christus is Here: eerste geloofsbelydenis! (Pelikan)
  direk verbind aan die hemelvaart en sessio

- Hoor dit in Bybel
  Hand 2:36 – "God het hierdie Jesus Here en Christus gemaak"
  Matt 28:18 – "aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde…"
  Fil 2:9-11 – "en elke tong sou bely Jesus Christus is die Here!"
  2 Kor 4:5 – "Ons verkondig Jesus Christus as die Here"

- Styl van koningskap: sagtheid, liefde, die kruis…

- Chilton: koningskap van God/Christus is die sentrale boodskap van NT (meer so as liefde); ook Hand 28

Jesus as Hoëpriester

- Te lank verwaarloos?
  - baie sterk in die Bybel: Hebr-boek; Rom 8; 1 Joh 2; Joh 17;
  - ook baie sterk in die Gereformeerde tradisie, veral by die Skotte
- vier kante probeer uitlig:
  - Jesus gaan om vir ons plek te berei; neem ons saam (efes 2): ons lewe saam met Christus verborge aan die RHVG – ontsaglike troos, veiligheid en sekerheid; het ons lewe as `n pand
  - Voorspraak by die Vader; tree vir ons in:
    Bring ons gebede voor die Vader (soos wierook) en bid dit oor…
  - Jesus se voortgaande inkarnasie
  - Jesus ook by ons: 2 kante van Middelaarskap
    Torrance oor Nicea
- Christus trek ons ook in …
  deurdat ons uitreik na ander en bid vir hulle

Jesus as Profeet:
Dit gaan oor verkondiging en sending

- Hoor dit in al die Hemelvaart-tekste
  - Hand 1:8 – "julle sal my getuies wees"…
  - Matt 28:19 – "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels…"
  - Joh 20:21 – "Soos die Vader My gestuur het, stuur ek julle"
  - Mark 16:15 _ "Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig…"
- ook in hele verhaal en lyn van Handelinge

Die Groot Verrassing: Jesus self aktief betrokke hierby!

- Hoor dit in baie tekste
  - Joh 12:32 – "As Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek"
  - Hand 2:47 – "En die Here het elke dag mense wat gered word by die gemeente gevoeg"
  - Hand 9:5 – "Wie is U, Here?"…"Ek is Jesus"
  - Hand 26:23 – "Hy (bring) aan die Jode en aan die heidennasies die lig"
  - Hebr 12:25 – "moet Hom wat met julle praat nie afwys nie…"
  - Openb 3:20 – "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop…"
- Duidelik: Jesus ontmoet mense, open hul oë, en leer hulle
- Doen dit op twee maniere: Hand 8 en Hand 9

Ons word ingetrek by die werk van God…

- …as profete, priesters en konings
  - Profete: geloof
  - Priesters: liefde
  - Koningskinders: hoop en gehoorsaamheid
- Sleuteldissiplines
  - Geloof
  - Gemeenskap (ontvang liefde, verbind aan Christus)
  - Vernuwing, navolging (Calvyn)